



# HOE KAN BOERE VOLGEHOUE EKONOMIESE DRUK BESTUUR?

deur dr. Francois van de Vyver

Daar is volgehoue druk op grondstofkostas, en die prys van grane en ander veevoergrondstowwe is 'n gesprekspunt wat gons op die oomblik. Die prys van nie-proteïen-stikstofbronne (NPN) soos ureum en ammonium-chloried het in die laaste jaar dramaties verhoog, en die meeste kommoditeite is die duurste wat dit nog ooit was. Selfs lusernhooi se prys het beduidend gestyg. Dit is egter nie net die kotas van kommoditeite nie, maar ook die beskikbaarheid daarvan wat die veevoermark affekteer.

Hoewel daar verskeie redes hiervoor is (soos die Rusland/Oekraïne-oorlog, druk op vergoeding, en elektrisiteitsvoorsiening) moet produsente in hierdie omstandighede 'n wyse vind om te oorleef.

### Produksiekostes

Die heel eerste besprekingspunt behoort altyd volhoubare drakrag te wees, daarom is dit uiters belangrik om die werklike drakrag van die plaas oor die langtermyn te bepaal. As 'n plaas van 1000 ha met 'n drakrag van argumentshalwe 10ha/GVE (grootvee-eenheid) 105 koeie handhaaf, beteken dit in werklikheid dat daar 105 koeie is wat ondervoed word, en nie net vyf nie. Deur die volhoubare produksiepotensiaal van die plaas te verstaan en sodanig te bestuur kan veld, wat die goedkoopste voedingsbron vir herkouters is, optimaal benut word.

### Herkouters

Tweedens, en spesifiek met betrekking tot herkouters, moet daar gefokus word op die

be-nutting van ruvoer. Herkouters is by uitstek veselverteeders, produsente kan dus dié eien-skap ten volle benut. Groot skaalse vermorsing kom voor wanneer produsente nie ruvoer korrek bewaar of preserveer nie, en nie as 'n gebalan-seerde rantsoen aan diere voer nie.

Kuilvoer is 'n goeie praktyk om gehaltevoer vir beeste te produseer en verleen aan boere die geleentheid om hul voervloei-beplanning deeglik te kan balanseer. Die korrekte kerflengte, kompaktering, digte verseëling van die materiaal, spoedige verwydering van suurstof en so meer is die minimum basiese beginsels wat gevolg moet word. Daarbenewens is daar moderne tegnologie tot die boer se beskikking om topgehalte-kuilvoer met minimale verliese te produseer:

- Die gebruik van kuilvoer-inokulante verseker gehalte-kuilvoer omdat dit vinnig gepreserveer word met voldoende aerobiese stabiliteit, en sodoende word vermorsing tot 'n minimum beperk.
- Daar is ook nuwe, opwindende tegnologie beskikbaar waar middels op die bolaag en gesig



van die kuilvoer toegedien kan word om die vorming van muf asook verliese aan organiese materiaal te beperk. 'n Muflaag van 10 cm dik oor die hele lengte en breedte van die kuilvoerput is 'n astronomiese hoeveelheid voer wat verlore gaan.

- Dit is nie net mielies en kleingrane wat ingekuul word nie; boere kan oorweging skenk aan verskeie gewasse wat hulle wel leen tot inkuiling.

Onthou dat veselbronne soos kuilvoer deel van die koolhidraatgroep is en dus energie aan die dier verskaf. Wanneer die voedingskundige voere formuleer vir 'n bepaalde stadium van produksie word die totale energie-balans, insluitende vesel, in berekening gebring. Deur die voedingswaarde van die veselbron optimaal te bestuur, word die volle waarde daarvan deur die koei benut.

## Tegnologie

In die veevoerbedryf is daar 'n fokus op die gebruik van tegnologie om veevoere meer doeltreffend aan te wend. Die verwysing na inokulante hierbo, hoewel dit nie nuwe tegnologie is nie, is 'n goeie voorbeeld van hoe "mikrobiële-fermentasie-tegnologie" 'n area is wat groot spronge maak in doeltreffendheid. Net so is daar moderne tegnologie as ons oor proteïenvoeding praat.

Enkapsulerings-tegnologie laat toe dat sekere beperkende voedingstowwe, byvoorbeeld aminosure of vitamien, in 'n gekonsentreerde, beskermde vorm aan die herkouer gevoer word. Die tegnologie is so ontwikkel dat die voedingstof vrygestel word in 'n geteikende area van die dier se spysverteringskanaal om optimale opneembaarheid en benutting te verseker. Die voedingskundige formuleer met beide die rumen-degradeerbare en "deurvloei"- (ondegradeerbare, verteerbare) proteïenfraksies vir optimale mikrobiële proteïenproduksie sowel as verbyvloei-proteïen en kan sodoende 'n rantsoen saamstel wat laer is in totale proteïen, maar wel produksie handhaaf of selfs verbeter. Dit lei verder tot beter en koste-doeltreffende benutting van die duur proteïenbron.

Ander indrukwekkende veevoedingstegnologie is die gebruik van ensieme in die rantsoen. By

pluimvee, byvoorbeeld, is die gebruik van fitase, 'n ensiem wat die fosfor vanuit plantaardige bronne vir die hoender beskikbaar stel, algemene gebruik vandag. Ensiemtegnologie is 'n gebied wat verder gaan ontwikkel om ook in herkouervoeding binnekort 'n veel groter impak te maak as wat reeds die geval is.

Ongeag die tegnologie wat tans aangewend word, het dit een aspek gemeen en dit gaan oor die doeltreffende aanwending van daardie spesifieke voedingstof vir 'n bepaalde biologiese funksie. Voer is 'n bate op die plaas en boere behoort hierdie bate deeglik te bestuur om vermorsing tot die absolute minimum te beperk.

## Riglyne om elke rand om te draai

- Meet alle verbruik op die plaas noukeurig en bestuur vermorsing op sowel grondstof- as voedingstofvlak.
- Deeglike rekordhouding is belangrik. Rekordhouding van alle grondstowwe in hul onderskeie vorme (vars, droog, kuilvoer, hooi) asook die veginhoud daarvan ondersteun 'n voervloei-beplanningsprogram. Die voervloei-beplanningsprogram behoort ook die voedingsbehoefes van die diere in ag te neem en kan gebruik maak van presisie-voedingsbeginsels vir volhoubaarheid en koste-effektiwiteit.
- Koppel die inligting aan die prestatie en langlewendheid van die dier. *mpo*

